



NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

WETENSKAPLIKE BYDRAES
REEKS H: INTREEREDE NR. 185

Pastorale Teologie:

Voëlvlug en (voorlopige) landing

Prof George A Lotter

Intreerede gehou op 29 Oktober 2004

Die Universiteit is nie vir menings in die publikasie aanspreeklik nie.

Navrae in verband met *Wetenskaplike Bydraes* moet gerig word aan:

Die Registrateur
Potchefstroomkampus
Noordwes-Universiteit
Privaatsak X6001
POTCHEFSTROOM
2520

Kopiereg © 2007 NWU

ISBN 978-1-86822-522-4

IntreeRede: 29 Oktober 2004

Pastorale Teologie: Voëlvlug en (voorlopige) landing

George A Lotter
Vakgroep Praktiese Teologie
Noordwes-Universiteit
Potchefstroomkampus

Geagte Prof Combrink,
Rektor van die Potchefstroomkampus,
Prof. Du Plooy,
Dekaan van Teologie,
Kollegas in die vakgroep, ander kollegas van die fakulteit, kampus en elders,
familie en vriende,

Vanaand is vir my persoonlik en ons gesin 'n besondere hoogtepunt en is ek diep dankbaar teenoor die Here God wat my van voor my geboorte tot vandag gedra en beskerm het. Hy het my geseën op besondere maniere en daarvoor wil ek aan Hom al die eer bring!

Die titel vra 'n verduideliking: in die eerste gedeelte van my rede sal ek graag 'n oorsig gee oor waar Pastorale Teologie inpas binne die ensiklopedie van die Teologiese wetenskappe, daarom die keuse van "voëlvlug" omdat ek redelik vinnig wil kom by die essensie van die pastorale teologie self, 'n veld wat my besonder interesseer en wat ek graag met entoesiasme met u wil deel. Daarna, iets van 'n "landing", waar ek die fokus nouer wil trek na ons vakgebied hier by die Noordwes-Universiteit en in besonder my eie betrokkenheid daarby. Die invoeging "voorlopig" is doelbewus gedoen om aan te dui dat alles wat ons aanpak voorlopig is en staan binne die groot bakens van "**As die Here wil, sal ons lewe en sal ons dit of dat doen**" (Jakobus 4:15).

Pastorale teologie val binne die breë vakgebied van die Praktiese Teologie, alhoewel daar skrywers is wat dié twee wil laat saamval (Van Arkel, 2000:142). Praktiese Teologie is aanvanklik deur Abraham Kuyper as **diakoniologie** benoem (1909). Die term “praktiese teologie” is deur Friedrich Schleiermacher (1830) gemunt en daar sou deur die jare ‘n hewige debat woed oor die korrekte benaming. Heyns en Jonker (1977:296) verkies om te praat van die diakoniologiese vakke. Dit gaan oor die kerklike diens as middel “waardeur die kennis van en lewe uit die openbaring van God gedien word”. Die fokus is dus op die innerlike opbou van die gemeente. Heyns en Jonker (1977:297) beskou die term praktiese teologie as verwarrend en te wyd gestel is en meen die hele teologie is immers prakties van aard en kies self vir die benaming **amptelike vakke**, met die voorbehoud dat die aksent nie te veel op die amp moet val nie. Heyns en Pieterse (1998:9) vind die verwarring oor die term praktiese teologie vreemd en kies die benaming as beskrywing van “die geloofshandeling van mense” wat onder die soeklig geplaas word.

In hierdie fakulteit is die benaming Diakoniologie in die laat 90’s vervang deur **Praktiese Teologie** en dit sluit die volgende dissiplines in: Homiletiek (preekkunde), Liturgiek (die wetenskap van die ordelike verloop van die erediens), Kategetiek (verbondsonderrig aan kinders – dink aan katkisasie) en Pastoraal (die herderlike bediening van mense). Later het Gemeentebou as komponent binne die Praktiese Teologie bygekom.

Die vak waarmee ek gemoeid is, se benaming is **Pastoraal** (of in Engels: Pastoral Studies) Die Pastorale Teologie is ‘n sambreelterm wat al die fasette van hierdie dissipline omvou soos:, pastorale psigologie (sielkunde), pastorale berading, pastorale sorg, pastorale terapie en pastorale psigoterapie. **Pastoraal kan as sinoniem van herderlik beskou word.** ‘n Mens kan ewe eens van die pastorale of herderlike werk van byvoorbeeld die kerk praat.

Die Bybelse fundering is duidelik: die herder wat na sy skape omsien, hy is betrokke by elkeen van sy skape. Die herder metafore en gelykenisse is van die bekendstes in die Ou en Nuwe Testament (vgl byvoorbeeld Psalm 23; Esegel 34 en Johannes 10).

Dit alles het te doen met die herderlike werk van die kerk en bedienaar van die Woord.


Daar is heelwat geskryf oor hierdie herderlike/pastorale werk van die kerk en individuele persone.

Wat behels Pastorale Teologie?


- Die volgende is elemente wanneer na Pastorale Teologie verwys word:
 - Skrifgebondenheid
 - Praktiese toepassing
 - Empiriese navorsing
 - Gerig op die kerk en geloofsgemeenskappe
 - Kennis van relevante wetenskappe
(bv Psigologie, Sosiologie)
- Die Pastorale Teologie het ook 'n bemiddelingsrol tussen die Teologie as sodanig en die alledaagse lewe
- Die uniekheid van die Pastorale Teologie is dat dit sig besig hou met lewensprobleme

Die volgende modelle word normaalweg gebruik binne die Pastorale Teologie en dit is duidelik dat daar sekere basiese komponente is wat herhaal word: Na die verskillende modelle, volg 'n voorstel van 'n eie model wat op dieselfde lees geskoei is.


Zerfass se model vir die Praktiese Teologie:




Heitink se model:



Getz se model van lense:



Eie voorgestelde model:



Hoe word die vak Pastoraal as deel van die Pastorale Teologie aan die Noordwes-Universiteit beoefen?

Die afgelope vier jaar het geweldige groei in die vakgebied gehad en is ons die Here dankbaar vir soveel mense (ook uit verskillende ander vakrigtings) wat ingeskryf het vir nagraadse studie in Pastoraal. Onder die studente is daar prokureurs, verpleegkundiges, maatskaplike werkers, onderwysers, sielkundiges, sosioloë, een narratiewe terapeut en dan natuurlik predikante uit vyf verskillende denominasies. Daar is verskeie redes waarom die vakgebied so groei, wat ons nie hier kan bespreek nie. Dis genoeg om te sê dat daar 'n dramatiese groei in die belangstelling is vir nagraadse studie wat ons genoop het om eers die ingeskrewe studente te begelei om klaar te maak, voordat nuwe inskrywings aanvaar word. Deur die versindheid van die Dekaan en die Dagbestuur van die Fakulteit, is daar ook besluit om nog 'n personeellid te bekom vir die vakgroep Praktiese Teologie wat aansienlik sal help om die groei te hanteer.

Graag wil ek hier 'n eie toepassing maak as “voorlopige landing”

– hoop dis nie te stamperig nie!

Dis nou sewe jaar wat ek voltyds by Praktiese Teologie is en is daar waarskynlik nog sewe jaar voor ek DV aftree. Dit lyk asof die afgelope sewe jaar baie aandag gegee is aan die begeleiding van nagraadse studente en voortvloeiend daaruit die publikasie van gesamentlike navorsing. Die bevordering van die saak van Pastorale Berading het ook tyd geverg, soos die betrokkenheid by organisasies wat hulle besig hou daarmee, getuig. Hierdie saak sal later by die uitdagings weer bespreek word: hoe kan die beroep van die pastorale berader geprofessionaliseer word?

Teneinde die magdom navrae en belangstelling in verdere studie in Pastoraal, op een fokus te kanaliseer het ek vir myself binne die groter fokusarea waarin die fakulteit sig bevind, my eie een geformuleer, getitel: **Huwelik- en gesinsberading vanuit 'n reformatoriese perspektief binne die Suid-Afrikaanse konteks**, waarbinne 8 M- en 10 D- studente reeds besig is met navorsing oor aspekte rakende die huwelik en die gesin .

Die ander vreugde wat ek graag deel vanaand, is die toestroming van kundiges uit ander vakgebiede wat besluit het om verder te studeer hier by ons. In hierdie gehoor sit drie sielkundiges wat doktorsgrade gedoen het en steeds doen, twee maatskaplike werkers, onderwyskundiges, sakemanne en ander beroepe benewens die predikante van sewe verskillende kerke.

Die ander poging wat ons begin het, is om kundiges van buite in te trek en binne hulle eie spesialiteitsterrein nagraadse studente te begelei. So werk ek reeds hartlik saam met Prof. Wentzel Coetzer (kenner van trauma), Dr Vorster Combrink (spesialis oor verslawing) en Dr. Mada Reinecke (kenner van destruktiewe gedrag en geestesongesteldheid). Omdat ons graag interdisipliner wil werk, word 'n akademiese verhouding ook opgebou met die kollegas van Maatskaplike Werk in die gesamentlike begeleiding van nagraadse studente. Ek is daarom bly dat die dekaan van die fakulteit Gesondheidswetenskappe, Prof. Koeleman, ook hier is vanaand.

Uitdagings vir die vakgebied

Die uitdagings vir die Pastorale Teologie is wyd en sluit verskillende vlakke in.

Van hierdie uitdagings is reeds deur studente aanvaar en suksesvol die hoof gebied in hulle studies. Hierdie uitdaging behels onder andere die samewerking (en hulp met verdere ontwikkeling) van ander vakgebiede en interdisziplinere samewerking met onder andere:

- Feministiese perspektiewe
- Spiritualiteit
- Biochemie/fisiologie – problematiek van die psigo-somatiese
- Narratiewe te ontwikkel vanuit die reformatories-gebaseerde pastorale berading en nie uit sosiologiese of psigologiese hoek nie
- Pastorale antropologie

Verder is daar die voortgaande uitdaging van publisering van artikels, boeke en ander materiaal op die vakgebied. In terme van die hoeveelheid studente wat afstudeer het en nog steeds studeer, is die moontlikhede feitlik onbeperk.

Daar is ook groot uitdagings om empiriese navorsing verder te verken en toe te pas, nie net wat die teorie betref nie, maar ook in die praktiese neerslag daarvan.

Die een saak wat besondere aandag sal moet geniet, is die professionalisering van die beroep van pastorale berader. Alhoewel verskeie pogings in die verlede aangewend is om 'n beroepsraad wat erken sal word deur die regering op die been te bring, was geen een daarvan suksesvol nie en is pastorale beraders steeds sonder wetlike beskerming en akkreditasie.

Supervisie en mentorskap in die opleiding van studente is hoog op die agenda as studente later professioneel hulle loopbane wil beoefen.

Daar bly steeds 'n groot veld vir die opleiding en toerusting van gelowiges om "mekaar" te bedien

Persoonlike uitdagings

Ek verwelkom die uitbreiding van navorsingsamewerking met kollegas buite die akademie sodat hulle ook finansieel en andersinds bevoordeel word deur gesamentlike publikasies en die akademiese komponent daardeur versterk kan word.

Fokusarea benadering kan verder uitbrei word

Samewerking met verskillende vakgroepe en kollegas moet bevorder word

Afrika gerigtheid

Die ontwikkeling van nuwe kursusse in Bybelse berading wat tans in proses is

“Landing”

Doelwit vir oor sewe jaar (2011) op die volgende terreine:

- Nagraadse studente: groot hoeveelheid behoort klaar te maak en dan op die riglyn van 8 per dosent te werk om sodoende verdieping te kry
- Akademiese fokus: publisering van gedeeltes saam met afgestudeerdes in artikel-vorm
- Uitgee van ‘n boek oor die huwelik en gesin waarin al die afgestudeerde studente saamwerk (2008)
- NRF gradering in 2009
- Navorsingsprofiel uitbou met die oog op beurse vir projeknavorsing, iets in die trant van die monumentale projek van Prof. Don Browning van Chicago met ‘n aantal boeke wat gepubliseer is

Bedankings

In die eerste plek wil ek graag die **universiteitsbestuur** bedank vir die geleentheid en die ruimte wat vir my oor hierdie amper 20 jaar geskep is om werk te doen en te groei en ontwikkel tot op hierdie hoogtepunt in my lewe. Prof. Combrink, graag versoek ek u om spesifiek hierdie dank oor te dra aan die Bestuurkomitee van die universiteit. Ek is oortuig dat daar min

universiteite in ons land is wat al die infrastruktuur het en ondersteuning wat tot ons beskikking is.

Verder die **Dekaan van Teologie** en die personeel daar. Dis waarlik 'n vreugde om met u saam te werk en ook daar altyd 'n oop oor te hê oor enige iets wat mens graag wil verander hê of net hê! Hiermee saam die **kollegas** in die fakulteit en in besonder die vakgenote by Praktiese Teologie: dankie dat u altyd daar is vir my en luister na simpel idees wat ek het of onpraktiese dinge wat ek voorstel! Graag wil ek hier hulde bring aan die **administratiewe personeel**, hulle is die stert wat die hond laat swaai. Ek waardeer die kollegialiteit in besonder!

Die **Meesters en Doktorsgraad studente** (van die 40 wat alreeds klaar studeer het en die 28 wat nog aan die gang is): ek is baie dank aan julle verskuldig wat oor al die fasinerende dinge waaroor julle studeer het, het julle my grense ongelooflik verbreed en het ek *baie geleer* van dinge wat ek min of niks van geweet het vroeër. Mag die Here julle ook seën in julle loopbane vorentoe! Ek waardeer dit veral dat Dr. Johann Oostenbrink wat my eerste doktorsgraadstudent was en spesiaal van die Kaap af gekom het vir die geleentheid. So is hier ander van Bloemfontein, Johannesburg, Pretoria.

Dan wil ek meer persoonlik raak en alle **familielede en vriende** wat vanaand hier is bedank vir hulle insette in my lewe: *soveel liefde, aanvaarding en ondersteuning* wat ek in my lewe ontvang het van julle sal nooit in woorde beskryf kan word nie! Verlaas ek dankbaar dat my broer en drie susters en hulle geliefdes hier kan wees vanaand.

Die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Noord vir die gebruik van die kerk en kerksaal.

Vergun my 'n besondere woord van erkenning aan **my ouers**. My pa is in 1976 oorlede maar sy nalatenskap in my lewe leef voort. Soos u weet is my **Ma** hier vanaand en op 95 is dit 'n saak van groot dankbaarheid, te meer omdat dit die vervulling is van haar belofte teenoor die Here van *voor* my geboorte dat ek die Here op 'n spesifieke manier sal dien. *Ma, almal hier vanaand eer Ma vir die geloof en deursettingsvermoë.*

Dan, Adelle en die kinders, die naaste aan my hart in die lewe: dankie vir alles, Adelle vir hierdie 19 jaar, jou waarde is beslis ver bo korale! Sonder jou sou ek nie hierdie hoogtepunt in my lewe bereik het nie! Adrian en Jana, ek is

dankbaar dat die Here julle aan ons as kinders gegee het en is baie trots op julle!

Ander gaste, kollegas van die universiteit en vriende, julle teenwoordigheid vanaand voeg waarde by tot hierdie aand.

Ons gaan nou almal lekker saam eet by die kerksaal nadat Tannie Emmie van der Walt bedank is en my broer die tafelgebed gedoen het. Daarna kuier ons verder saam.

Ek dank u!

Bibliografie

VAN ARKEL, JT d J 2000. Recent movements in Pastoral Theology. *Religion & Theology* 7(2): 142 – 166.

HEYNS, J.A. & JONKER, W.D. 1977. Op weg die Teologie. Pretoria : NG Kerkboekhandel.

HEYNS, L.M. & PIETERSE, H.J.C. 1998. Eerste treë in die .Praktiese Teologie. Pretoria : Gnosis.